Nootwaardes en rustekens

Credo Musiekteorie-opleidingsprogram
GRAAD 2
Deur S. J. Cloete

N.R.2

Kopiereg voorbehou © 1988

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

1. Nootwaardes en rustekens 27
2. Gepunteerde en dubbelgepunteerde waardes..... 28
3. Gebinde note 29
4. Hoe om note en rustekens reg te skryf 31
5. Hoe om 'n nootwaarde te verleng 38
   5.1 Punt 38
   5.2 Bindboog..... 38
   5.3 Pouse (fermate) 38
6. Hoe om 'n nootwaarde te verkort..... 38
   6.1 Mezzo staccato..... 38
   6.2 Staccato..... 38
   6.3 Staccatissimo 39
7. Ander tekens 39
   7.1 Fraserings..... 39
   7.2 Aksente 40
   7.3 Ornamente..... 40
   7.4 Tenuto 40
8. Triole..... 42

Nadat jy hierdie module voltooi het, sal jy in staat wees om die volgende te skryf en identifiseer:

- Die dubbelheelnoot, heelnoot, halfnoot, kwartnoot, agstenoot, sestiende-noot, twee-en-dertigste-noot en vier-en-sestigste-noot, met hulle ooreenstemmende rustekens.
- Triole.

Jy sal ook in staat wees om 'n noot te verleng met behulp van 'n punt, bindboog of pouse, asook om 'n noot te verkort met behulp van 'n staccato, mezzo staccato of staccatissimo.

1. NOOTWAARDES EN RUSTEKENS (TYDNAME).

Blaai na die opsomming en leer die tabel met nootwaardes en rustekens. Daarna kan jy aangaan met hierdie module.

Let wel: Gedrukte musiek het gebuigde vlerke ( ), maar jy mag reguit vlerke skryf:

'n Dubbelheelnoot is twee keer so lank soos 'n heelnoot.
'n Heelnoot is twee keer so lank soos 'n halfnoot.
'n Halfnoot is twee keer so lank soos 'n kwartnoot.
'n Kwartnoot is twee keer so lank soos 'n agstenoot.
'n Agstenoot is twee keer so lank soos 'n sestiende-noot.
'n Sestiende-noot is twee keer so lank soos 'n twee-en-dertigste-noot.
'n Twee-en-dertigste-noot is twee keer so lank soos 'n vier-en-sestigste-noot.



ens.

Die langste noot, die **dubbelheelnoot**, was in die 16e en 17e eeu in vokale musiek (sang) gebruik, maar dit is ongewoon in latere musiek.

Oef. 27/1
SKRYF NEGE TWEE-EN-DERTIGSTE-NOTE OP ELKE NOTE-BALK:



Kopiereg voorbehou © 1988

2. GEPUNTEERDE EN DUBBELGEPUNTEERDE WAARDES:

- **Gepunteerde noot:**
  Die punt neem die **helfte** van die waarde van die noot voor hom:
  Die gepunteerde half, kwart, agste en sestiende word vereis.
  VOORBEELDE:



- **Dubbelgepunteerde noot:**
  Die tweede punt neem die **helfte** van die eerste punt:

- Gepunteerde note/rustekens kan **verdubbel** of **gehalveer** word: 

- Punte word **nie** oor 'n maatlyn gebruik om 'n noot/rusteken te verleng nie.

- **Gepunteerde rustekens:**

  Rustekens mag voluit geskryf word (i), of 'n gepunteerde rusteken mag gebruik word (ii). Albei is reg, behalwe die **heelrus**, wat **nooit gepunteerd** gebruik word nie (iii) en (iv).

  VOORBEELDE:



(i) ✓ ***(ii)*** ✓ ***(iii)*** ✗ ***(iv)*** ✓

- **Dubbelgepunteerde rustekens** mag in die musiekliteratuur gevind word, maar dis nie algemeen in gebruik nie.

Oef. 28/1
VUL DIE KORREKTE NOOT IN ONDER ELKE *:





Kopiereg voorbehou © 1988

3. GEBINDE NOTE.

'n Bindboog (verbindingsboog, spanboog) verbind **twee note op dieselfde toonhoogte**. Dit beteken die eerste noot word verleng vir die tyd van die bykomende tweede noot ook. Die bindboog verbind die twee note tot **een klank.**



'n Bindboog is nie 'n fraseringsboog nie (kyk op bladsy 39, 7.1).

ONTHOU!

- Vermy bindboë sover moontlik. Daar moet 'n **rede** wees om 'n bindboog te gebruik. Die rede by voorbeeld (i) is dat die eerste noot $1^1/_4$ maatslae duur en mens nie 'n gepunteerde noot kan gebruik nie. Die rede by voorbeeld (ii) is dat die noot **oor 'n maatlyn verleng** word. Die rede by voorbeeld (iii) is dat die bindboog die normale **groepering** van note volg.
- **Enige aantal** note kan verbind word (iv).
- **Rustekens** kan nie verbind word nie.
- Bindboë word by die **nootkop** geplaas, aan die buitekant en nie die binnekant nie (v).
- Vermy dit om 'n bindboog **binne die maat** te gebruik as jy doodgewoon 'n **langer nootwaarde** kan gebruik (vi).
- Wanneer jy 'n **gepunteerde noot** bind, moet die bogie net **ná die punt** begin.

VOORBEELDE:



Kopiereg voorbehou © 1988

- 'n Bindboog moet tussen maatslae gebruik word as een van die betrokke note 'n **sestiende-noot** is (vii).
- **Intervalle** word in die **teenoorgestelde rigting** verbind (viii).
- **Drieklanke** se **buitenste** note word in die **teenoorgestelde rigting** verbind. Die middelste bindboog se rigting word bepaal deur sy posisie met betrekking tot die middelste (3^{e}) lyn (ix) en (x).



Oef. 30/1

SKRYF *TWEE GEBINDE NOTE*, MET DIESELFDE TYDWAARDE AS DIE GEGEWE NOOT, ONDER DIE*:



Oef.30/2

SKRYF *DRIE GEBINDE NOTE*, MET DIESELFDE TYDWAARDE AS DIE GEGEWE NOOT, ONDER DIE*:



Oef. 30/3

GEBRUIK BINDBOË OM DIE GROEPERING VAN DIE VOLGENDE TE VERBETER. SKRYF OP DIE ONDERSTE NOTEBALK:



Kopiereg voorbehou © 1988

Oef. 31/1
VERBIND DIE VOLGENDE DRIEKLANKE KORREK:

4. HOE OM NOTE EN RUSTEKENS REG TE SKRYF.

Jy het in graad 1 geleer hoe om note en rustekens te skryf.

4.1 NOTE:

ONTHOU:

- Nootsteel **op**- regs
- Nootsteel **af** - links
- Enkelnoot **op** die middellyn - nootsteel **op** of **af**.
  Enkelnoot **bokant** die middellyn - nootsteel **af**.
  Enkelnoot **onderkant** die middellyn - nootsteel **op**.
- Nootvlerke is altyd aan die **regterkant van die nootsteel**.
- Note mag saamgegroepeer word: . Die dwarsbalk volg die rigting van die note. Trek die dwarsbalk van note, wat op dieselfde toonhoogte is, 'n **bietjie skuins** sodat dit nie tussen die notebalklyne verdwyn nie.
- Spasieer note reg, bv. ‘n kwartnoot sal min of meer twee keer die spasie van ‘n agstenoot neem. Die musiek moet **lyk** soos wat dit sal **klink**.
- Wanneer note saamgegroepeer word, sal al die nootstele van een maatslag óp wys of dit sal áf wys. Maar, wat sal ons in die volgende geval doen?



Die noot wat die **verste van die middellyn af is**, bepaal die rigting van die nootstele. In hierdie geval is dit die eerste noot:



Kopiereg voorbehou © 1988

- Wanneer 'n gepunteerde noot met 'n kleiner noot geskryf word, moet die vlerkie van die kleiner noot **nie** tot by die nootsteel van die gepunteerde noot loop nie.



- **Gepunteerde** en **dubbelgepunteerde note**:
  As die gepunteerde noot in 'n **spasie** is, is die punt in **dieselfde spasie**.
  As die gepunteerde noot op 'n **lyn** is:
  - Enkel gepunteerde noot: die punt kom in die spasie **bokant** (i).
  - As die volgende noot **hoër** is, kom die punt in die spasie **bokant** (ii).
  - As volgende noot **laer** is, kom die punt in die spasie **onderkant** (iii).



Oef. 32/1
VUL 'N PUNT OF PUNTE IN ONDER ELKE ASTERISK (*) OM GEPUNTEERDE NOTE TE VORM:



4.2 RUSTEKENS.

ONTHOU:

- Rustekens word gewoonlik in die **derde spasie** geskryf. Die agsterus en die sestiende-rus haak aan die **vierde lyn**, maar die twee-en-dertigste-(en kleiner) rustekens haak aan die **vyfde lyn**. Elke lissie is in sy **eie spasie**:

  VOORBEELD:

- Hoe om 'n **kwartrus** te skryf:

  Trek 'n skuins z en las 'n slap c onderaan: 

- Punte kom gewoonlik in die **derde spasie**:

  VOORBEELD: 

Kopiereg voorbehou © 1988

Oef. 33/1
SKRYF TIEN *DUBBELHEEL RUSTEKENS* OP DIE VOLGENDE NOTEBALK:



Oef. 33/2
SKRYF TIEN *TWEE-EN-DERTIGSTE RUSTEKENS* OP DIE VOLGENDE NOTEBALK:



Oef. 33/3
SKRYF DIE OOREENSTEMMENDE RUSTEKEN VAN ELK VAN DIE VOLGENDE NOTE ONDER DIE*:



Oef. 33/4
SKRYF DIE GEVRAAGDE NOTE OF RUSTEKENS:



Kwartnoot, C bokant die notebalk

Sestiende-rus

Dubbelheelnoot, F-kruis op 'n lyn

Kwartrus



Twee-en-dertigste-noot, B♭ bokant die notebalk

Halfnoot, middel C

Agsterus

Dubbelheelrus

Kopiereg voorbehou © 1988



Sestiende-noot, B-mol onder die notebalk ***Heelrus*** ***Twee-en-dertigste-rus*** ***Halfrus***

Oef. 34/1

SKRYF 'N NOOT *DUBBEL* DIE WAARDE ONDER DIE *:



Oef. 34/2

SKRYF 'N RUSTEKEN *HELFTE* DIE WAARDE ONDER DIE*:



Oef. 34/3

SKRYF DIE KORREKTE *NOMMER* IN DIE SPASIE:

VOORBEELD: 𝅝 is gelyk aan 4 kwartnote

1 is gelyk aan ____ kwartnote.

2 is gelyk aan ____ sestiende-note.

3 is gelyk aan ____ twee-en-dertigste-note.

4 is gelyk aan ____ agstenote

5 is gelyk aan ____ twee-en-dertigste-note.

Oef. 34/4

SKRYF EEN NOOT, OF GEPUNTEERDE NOOT, OF DUBBEL-GEPUNTEERDE NOOT VIR ELK VAN DIE VOLGENDE GROEPE:



Kopiereg voorbehou © 1988



Oef. 35/1

SKRYF 'N NOOT OF NOTE VIR DIE WAARDE VAN DIE *PUNT(E)* *ALLEEN* ONDER ELKE ∗:



Oef. 35/2

HOEVEEL *KWARTNOTE* IS IN ELK VAN DIE VOLGENDE NOTE GROEPE?



_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

Kopiereg voorbehou © 1988

Oef. 36/1
HOEVEEL *SESTIENDE-NOTE* IS IN ELK VAN DIE VOLGENDE NOTE GROEPE?



_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

Oef. 36/2
SKRYF *EEN RUSTEKEN* OF 'N *GEPUNTEERDE RUSTEKEN* WAT GELYK IS AAN DIE WAARDE VAN ELKE NOOTGROEP:



Oef. 36/3
LAS *DRIE RUSTEKENS* BY ELKE MAAT SODAT DIE WAARDE VAN DIE MAAT GELYK SAL WEES AAN DIE GEGEWE NOOT BOKANT DIE MAAT:



Oef. 36/4
SKRYF DIE VOLGENDE *RUSTEKENS*:

1 Twee rustekens gelyk aan 

2 Drie rustekens gelyk aan 

Kopiereg voorbehou © 1988

3 Vier rustekens gelyk aan 

4 Vyf rustekens gelyk aan 

Oef. 37/1
HERSKRYF DIE VOLGENDE NOTE IN *HELFTE* DIE WAARDE. BEGIN SOOS AANGEDUI:



Oef. 37/2
SKRYF 'N *GEPUNTEERDE RUSTEKEN* WAT GELYK IS AAN ELK VAN DIE VOLGENDE NOOTWAARDES:



1	2	3	4
Drie kwartnote	***Ses twee-en-dertigste-note***	***Drie halfnote***	***Ses agstenote***

Oef. 37/3
SKRYF EEN RUSTEKEN OF GEPUNTEERDE RUSTEKEN OF DUBBELGEPUNTEERDE RUSTEKEN, WAT GELYK IS AAN DIE WAARDE VAN ELKE GROEP, BY DIE *:



Kopiereg voorbehou © 1988

5. HOE OM 'N NOOTWAARDE TE VERLENG:

5.1 PUNT.

'n Noot of 'n rusteken kan verleng word deur 'n **punt** daarna te skryf (gepunteerde noot/rus) of deur **twee punte** daarna te skryf (dubbelgepunteerde noot/rus).

5.2 BINDBOOG.

'n Noot kan verleng word deur 'n **bindboog** (gebinde noot), bv. om 'n noot oor 'n maatlyn te verbind. Rustekens kan nie verbind word nie.

5.3 POUSE (fermate).



'n Pouse **oor** of **onder** 'n noot beteken die speler moet die **noot langer aanhou**.

As 'n noot "lunga pausa" gemerk is, beteken dit 'n lang pouse. **Rustekens** kan ook 'n pouse hê:

Voorheen was die term *fermat**a*** gebruik, wat die sinoniem is. Verkieslik moet *fermate* gebruik word.

6. HOE OM 'N NOOTWAARDE TE VERKORT:

6.1 MEZZO STACCATO (half staccato).

Mezzo staccato **taamlik kort**, maar nie so kort soos staccato nie.



meer as een noot mezzo staccato (die punt is binne die bogie)



een noot mezzo staccato

6.2 STACCATO.

'n Staccato is **kort**, **los van mekaar**, geskei, maar **nie** so kort as moontlik nie. Die **nootwaarde** en die **tempo** bepaal hoe kort die noot sal wees. Bv. 'n halfnoot staccato sal langer wees as 'n kwartnoot staccato. 'n Staccato teen 'n stadige spoed sal langer wees as 'n staccato teen 'n vinniger spoed, ens.

Staccato-punte word by die nootkoppe geplaas, in die middel van die **naasgeleë vol spasie**, ongeag of die noot op 'n lyn is, of in 'n spasie bv.(i):

Kopiereg voorbehou © 1988

As die staccato saam met 'n **fraseringsboog** gebruik word, kom die punt **binne die bogie** (ii):



Moenie 'n **staccato** en 'n **gepunteerde noot** verwar nie. Die staccato se punt is **bo** of **onder** die noot. Alhoewel dit korter gespeel word, het dit geen tydwaarde in musiekteorie nie. Die punt van 'n gepunteerde noot word **ná die noot** geskryf en het wel 'n tydwaarde.

6.3 STACCATISSIMO.

'n Staccatissimo is **baie kort**, **so kort as moontlik**, 'n superstaccato.



Oef. 39/1

SKRYF EEN GEPUNTEERDE-, OF DUBBELGEPUNTEERDE NOOT, OF TWEE GEBINDE NOTE, WAT DIESELFDE WAARDE HET AS AANGEDUIDE NOTE:

VOORBEELD: 5 agstenote =

1	6 kwartnote	=	_ _ _ _ _ _
2	10 agstenote	=	_ _ _ _ _ _
3	3 sestiende-note	=	_ _ _ _ _ _
4	7 halfnote	=	_ _ _ _ _ _
5	9 sestiende-note	=	_ _ _ _ _ _
6	7 twee-en-dertigste-note	=	_ _ _ _ _ _

7. ANDER TEKENS.

7.1 FRASERINGS.

Die fraseringsboog word **oor of onder twee of meer note op verskillende toonhoogtes** geskryf. Dit beteken dat die note binne die boog glad saamgebind (legato) gespeel moet word. Aan die einde van die boog moet daar gefraseer word. 'n Klavierspeler sal bv. dan die hand vlugtig lig.

Kopiereg voorbehou © 1988

VOORBEELD:



7.2 AKSENT (klemteken).

'n Aksent word **bo** of **onder** 'n noot geskryf en dui aan dat 'n noot musikaal **geaksentueer** of **versterk** moet word. ^ of V is sterker as >, en < word nooit gebruik nie. Dit word normaalweg **buitekant** die notebalk geskryf by die nootkop.



7.3 ORNAMENTE.

Daar is verskeie ornamente soos die mordent , draaisneller , acciaccatura , triller , ens. Jy sal later meer daarvan leer.

7.4 TENUTO.

'n Tenuto-strepie bokant of onderkant 'n nootkop dui aan dat die speler die noot moet **aanhou vir sy volle waarde** (die teenoorgestelde van staccato). Dit kan selfs a ligte beklemtoning beteken. Die strepie word ook, soos 'n staccato, in die naasliggende **vol spasie** geplaas.

Ornamente, aksente, fraseringsboë en tenuto-tekens is van groot betekenis in die **praktiese uitvoering van musiek**.

Oef. 40/1
SKRYF DIE VOLGENDE NOTE:



1	2	3	4	5	6
F-kruis, 'n spasie, dubbel-gepunteerde halfnoot	*Gepunteerde kwartrus*	*Dubbelge-punteerde agstenoot, middel C*	*E-mol, 'n spasie, geaksentueerde kwartnoot*	*F-kruis, 'n lyn, agstenoot, staccatissimo*	*Een oktaaf bokant middel C, twee-en-dertigste-noot, staccato*

Kopiereg voorbehou © 1988

Oef. 41/1
SKRYF DIE LETTERNAAM EN NOOTWAARDE (TYDNAAM) VAN ELK VAN DIE VOLGENDE NOTE:



Oef. 41/2
VERDEEL ELK VAN DIE VOLGENDE NOTE / RUSTEKENS IN *TWEE* GELYKE DELE:



Oef. 41/3
VERDEEL ELK VAN DIE VOLGENDE NOTE IN *DRIE* GELYKE DELE:



Kopiereg voorbehou © 1988

Oef. 42/1
SKRYF DIE LETTERNAAM EN NOOTWAARDE VAN ELK VAN DIE OMKRINGDE NOTE:



	Letternaam	*Nootwaardes*
1	_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _	_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _
2	_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _	_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _
3	_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _	_ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _ _

8. TRIOLE.

'n Enkel noot kan in **drie gelyke** dele verdeel word. Dit word 'n **triool** genoem. In die volgende voorbeeld, word die laaste kwartnoot verdeel in drie gelyke dele.

VOORBEELD: 

Daar is net tyd vir twee agstenote, maar **drie word gespeel in die tyd van twee**. 'n Triool is 'n groep van **drie** note wat gespeel word in die tyd van twee van dieselfde waarde.

VOORBEELDE:



ONTHOU!
Triool 3 = 2

Kopiereg voorbehou © 1988

Daar word 'n **bogie** of 'n **hakie** bokant of onderkant die triool geplaas. Die triool kan ook **sonder** die bogie of hakie wees. Die nommer 3 word bokant of onderkant die **middel** van die groep geplaas.

Die volgende is ook triool groepe:

Oef. 43/1

SKRYF EEN NOOT, OF GEPUNTEERDE NOOT, OF DUBBEL-GEPUNTEERDE NOOT VIR ELK VAN DIE VOLGENDE GROEPE:

Onthou: 'n Triool tel net **twee** van dieselfde waarde.



Jy het nou die module oor **nootwaardes en rustekens** afgehandel. Leer die **opsomming** op die volgende bladsy. Knip dit uit en bewaar dit in jou **"Opsommingslêer"**. Vra jou onderwyser/-es vir die **moduletoets** oor **nootwaardes en rustekens** wanneer jy gereed is.

Daarna gaan jy 'n **ou graad 1-vraestel** beantwoord vir hersienings doeleindes.

Goed gedoen!

* * *

Kopiereg voorbehou © 1988

OPSOMMING

Nootwaardes en rustekens

Credo Musiekteorie-opleidingsprogram

GRAAD 2

Deur S. J. Cloete

N.R.2

Kopiereg voorbehou © 1988

TABEL – NOOTWAARDES EN RUSTEKENS:

NOOT	*WAARDE*	*RUSTEKEN*
	Dubbelheel	
	Heel	
	*Half*	
	Kwart	
	Agste	
	Sestiende	
	Twee-en-dertigste	
	Vier-en-sestigste	

Kopiereg voorbehou © 1988

ONDERVERDELING VAN NOTE:



ens.

GEPUNTEERDE EN DUBBELGEPUNTEERDE NOTE/RUSTEKENS:

- **Gepunteerde note/rustekens:** die punt neem die helfte van die waarde van die noot.
- **Dubbelgepunteerde noot/rusteken:** die tweede punt neem helfte van die waarde van die eerste punt.
- Punte word **nie** gebruik om note/rustekens oor 'n maatlyn te verleng nie.
- Rustekens mag voluit geskryf word, of gepunteerde/dubbelgepunteerde rustekens mag gebruik word, behalwe die **heelrus** wat nooit gepunteerd gebruik word nie.

BINDBOË:

- Gebruik 'n bindboog:
  - as 'n noot bv. 1¼ maatslae duur (i).
  - om 'n noot oor 'n maatlyn te verleng (ii).
  - tussen maatslaggroeperings (iii).
  - tussen maatslae as een van die note 'n sestiende-noot is (vii).

  VOORBEELDE:



Kopiereg voorbehou © 1988

- **Rustekens** kan nie verbind word nie.
- **Enige aantal** note kan verbind word:



- **Hoe om** bindboë te skryf:



- **Vermy bindboë** sover moontlik:



- **Intervalle:** verbind in teenoorgestelde rigtings.



- **Drieklanke:** Verbind buite note in teenoorgestelde rigtings en die middelste bindboog hang af van die middellyn (ix) en (x).





<u>HOE OM NOTE/RUSTEKENS REG TE SKRYF</u> (kyk op bladsy 31).

<u>HOE OM 'N NOOT TE VERLENG</u>:

1 **Gepunteerde/dubbelgepunteerde** noot/rusteken.

2 'n **Bindboog**.

3 'n **Pouse** (fermate).

<u>HOE OM 'N NOOT VIR VOORDRAERS TE VERKORT:</u>

1 Mezzo staccato:

2 Staccato:

3 Staccatissimo:

Kopiereg voorbehou © 1988

2(4)

FRASERINGS:

'n Fraseringsboog word oor **twee of meer note op verskillende toonhoogtes geskryf**. Die note onder die boog word glad saamgebind (legato) gespeel en moet gefraseer word.

AKSENTE:

^	=	sterk aksent
<	=	swakker aksent
>	=	word nooit gebruik nie

ORNAMENTE:

Bv. die mordent , draaisneller , acciaccatura , triller , ens.
Dit het groot waarde in die **praktiese uitvoering van musiek.**

TRIOLE:

- **Drie note** word gespeel in die tyd van **twee** van dieselfde waarde. TEL TWEE.
- 'n **Bogie** of 'n **hakie** met die nommer 3 kan bokant of onderkant die triool wees, maar dit kan ook sonder die bogie of hakie wees.

* * *

Kopiereg voorbehou © 1988